Laerskool Dr. Havinga

Waardegedrewe Innoverend Toekomsgerig

Andries Pretoriusstraat 29, Witpoortjie, 1724 * Posbus 3010, Witbeeck, 1729* Tel: (011)769-1670*
Fax: (011)762-3493 * www.drhavinga.co.za * admin@drhavinga.co.za

3 April 2020

Geagte ouers

SPESIALE OMSENDBRIEF 6 VAN 2020 TYDENS COVID-19 INPERKINGS

In hierdie onseker tye is dit vir ons by die skool belangrik dat al ons ouers ingelig moet wees. Daar is 'n magdom vrae wat elkeen van ons tans het en ek hoop dat inhoud van die brief baie van die vrae kan beantwoord.

Die skool het nog **geen** aanduiding van die departement van onderwys ontvang rakende die datum wat die skole gaan heropen nie. Ek sal die datum via die verskillende platforms aan u stuur sodra iets ontvang word.

Die volgende kwessie is rakende die verlore onderrigtyd tydens die inperking. Die volgende opsies word oorweeg om die verlore tyd in te haal. Die departement het reeds aangedui dat daar na die verkorting van die Junie-vakansie asook die September vakansie die eerste opsie is waarna gekyk sal word.

'n Ander opsie sluit ook die verlenging van die skooldag. By Dr. Havinga is akademie ons trots en prioriteit en kan ek u die versekering gee dat die beste opsies vir ons skool oorweeg en geïmplementeer sal word by al ons grade.

Alle werk wat deur die KABV (CAPS) vereis word sal deur die personeel in die klasse aangebied en geassesseer word. So daar is geen rede tot kommer nie.

Op ons verskillende platforms is daar ook 'n verskeidenheid webtuistes gedeel wat u intussen kan gebruik om u kind met werk besig te hou. Dit is baie belangrik dat u kind steeds in roetine bly met betrekking tot hul skoolwerk. 'n Wenk wat ek kan gee is om 'n rooster op te stel wat gevolg kan word deur die dag. Moedig u kind aan om te lees, in die tyd is dit een van beste aktiwiteite waarmee leerders hulself kan besig hou.

Indien u nie toegang daartoe het nie kan u die volgende ook doen:

- Hersien werk van die 1ste kwartaal
- Doen weer die opdragte wat u, na u deur u kind se boeke gewerk het, identifiseer het waarmee u kind dalk sukkel.
- Werk weer deur die assesserings wat voltooi is.
- Fokus veral op Afrikaans, Engels en Wiskunde
-

Ons kry ook baie navrae rakende sport en kultuur aktiwiteite. As skool sal ons eers inligting daaroor kan gee wanneer die skool heropen. Riglyne wat deur die owerhede gegee word sal streng toegepas word.

By Laerskool Dr. Havinga #onsskool is ons baie bevoorreg om ‘n verskeidenheid aktiwiteite en geleenthede aan ons kinders te bied. Dit word grootliks moontlik gemaak deur die Beheerliggaam se visie om ekstra poste by die skool te skep wat deur skoolfonds gedra en betaal word.

Benewens die betaling van al die beheerliggaam personeel is ons by die skool, soos u by die huis, verantwoordelik vir verskeie ander betalings wat elke maand gemaak moet word en daarom wil ek u vriendelik, dog ernstig, herinner aan u verantwoordelikheid teenoor skoolfonds.

Baie dankie aan elke ouer wat reeds betaal het! Onthou dat die enigste manier waarop betalings nou sal kan geskied, as u nie per debietorder betaal nie, is deur elektroniese oorbetaling.

Hiermee net weer die skool se bankbesonderhede:

ABSA

010 188 013 68

TJEK rekening

Verwysing: rekening nommer soos op u staat.

Baie dankie dat ek in die onseker tyd op elke HAVIE-ouer kan staatmaak om ons kinders veilig te hou en #onsskool te ondersteun en by te staan. Wees verseker dat elke personeellid, waar hulle tans by die huis is, jou kind mis en nie kan wag om hulle weer by die skool te ontvang en hulle te ontwikkel tot uitstekende jongmense nie.

Groete

Marius Swanepoel

Hoof